ONGEWONE LIEFDE



Leiersgids

Inhoudsopgawe

ONGEWONE LIEFDE VELDTOG 2 MEI – 6 JUNIE 2010

Inleiding		3
Inrigting en verloop van ‘n byeenkoms		4
2 Mei	Free Love	5
9 Mei	Liefde wat werk	7
16 Mei	Liefde Omhels	10
22 Mei	*LOVE DAY*	
23 Mei	Liefde wat regmaak	12
30 Mei	Grense	15
6 Junie	Celebrate Love	18
BYLAE		
Geniet ‘n liefdesmaaltyd		22

Inleiding

ob•ses´sie (-s) Toestand waarin voortdurende kwelgedagte, dwanggedagte 'n mens besig hou [Verklarende Handwoordeboek]

Om terug te hou is nie Skriftuurlik nie. Die Bybel leer ons om verteer te wees met Christus en getrou sy woorde en liefde uit te leef. Baie keer dink ons dat as ons "nice" mense is, dat ander sal weet dat ons Christene is en meer van Jesus sal wil weet. Maar dit werk nie so nie. Ek ken baie mense wat nie vir Jesus ken nie, maar wat aangename mense is – meer aangenaam en lekkerder om mee saam te kuier as baie Christene wat ek ken.

Daar moet meer wees aan ons geloof as vriendelikheid, hoflikheid en selfs goedhartigheid.

"As julle net daardie mense liefhet met wie julle goed oor die weg kom en wat lief is vir julle, moet julle nie verwag om 'n medalje vir goeie diens by God daarvoor te kry nie. Almal doen dit tog, ook die slegte mense wat hulle nie aan God steur nie. As julle net bereid is om iets te leen aan mense wat dit later weer aan julle sal teruggee, dan het julle nog niks buitengewoons gedoen nie. Sondaars doen dit ook. Hulle leen ook dinge aan hulle vriende, solank hulle dit op die ou end net weer terugkry.

"Ek sê vir julle: julle moet julle vyande liefhê. Doen goed aan ander mense. Deel julle besittings met hulle sonder om iets terug te verwag. Dan doen julle presies wat God wil hê. En dan wag daar 'n groot prys op julle in die hemel. Dit belowe Ek. As julle vir ander mense omgee sonder om enigiets terug te verwag, is julle regtig kinders van die Allerhoogste. Want dit is presies hoe God is. Hy gee baie om vir almal hier op aarde, of hulle goed is of sleg. Julle moet soos God wees: maak julle hart en julle hande oop vir ander mense. Gee regtig vir hulle om." Lukas 6:32-36

Mense wat 'n obsessie met Jesus het, is mense wat:

- vrylik en openlik gee, sonder afkeuring van ander. Hulle het mense lief wat hulle haat en wat hulle nooit kan terug liefhê nie.
- nie verteer word deur hulle eie persoonlike veiligheid en gemak bo alles nie. Hulle is mense wat meer omgee vir die koninkryk van God se koms op hierdie aarde as dat hulle eie lewe vry moet wees van pyn of ongemak.
- nie verslind word deur hulle eie persoonlike veiligheid en gemak bo alles nie, maar mense is wat meer omgee oor die koms van God se koninkryk na hierdie aarde as dat hulle eie lewe bewaar moet word van pyn en swaarkry.
- 'n lewe lei wat op een of ander manier met armes gekonnekteer is omdat hulle vir Jesus so belangrik was (1 Joh 2:4-6; Mat 16:24-26).
- eerder vir God gehoorsaam as met die status quo saamgaan (Luk 14:25-35; Mat 7:13-23, 8:18-22; Open 3:1-6).
- versigtig is vir die sonde van trots (Mat 5:16).
- dienslewering nie as 'n las beskou nie (Mat 13:44; Joh 15:8).
- gee, en nie neem nie – hulle sien ander as net so belangrik as hulleself (Jak 2:14-16).
- hulle lewe rondom die ewigheid inrig en nie aan hierdie lewe dink nie.
- wat eerlik voor God is en nie agter maskers wegkruip nie.

Inrigting en verloop van 'n byeenkoms

ONS VERSTAAN VAN 'N SELGROEP IS DAT DIT BAIE MEER IS AS 'N BYBELSTUDIEBYEENKOMS. 'N SELGROEP IS 'N GEESTELIKE HUISGESIN ("KLEIN GEMEENTETJIE") WAAR ONS DEULOPEND SAAM:

- WORSHIP
- OPGEBOU WORD EN MEKAAR BEDIEN
- SODAT ONS KAN UITREIK NA ANDER

4 ELEMENTE WAT TEENWOORDIG MOET WEES BY 'N SELGROEP

- Eet (sosialiseer)
- Sluit die Bybel in (plaas die klem op Jesus) – maar moenie net Bybelstudie doen nie!
- Nooi die Heilige Gees om teenwoordig te wees – veral deur worship en gebed
- Die missie van julle selgroep (as uitvloeisel van Christus se missie waarvan Hy ons deelmaak)

Worship Daar is talle en talle beskrywings en aanhalings oor wat *worship* is - sommige is baie meer raak as ander, maar ek glo die meeste het wel 'n element van die waarheid in. Voor elke week se bespreking word een aanhaling gegee. Dit is bloot om julle gedagtes bietjie te fokus en julle aan die dink te sit en pas nie noodwendig by die week se onderwerp nie!

Die raakste en eenvoudigste beskrywing van wat *worship* is, is miskien die volgende baie eenvoudige aanhaling: "*Ware aanbidding is ons reaksie op 'n genadige God"*

'n Paar dinge om in gedagte te hou (vir 'n meer uitgebreide weergawe: http://www.churchadventure.co.za/Bediening/Selgroepe.aspx)

1. Bly breedweg by die tydsindeling. Moenie die groep toelaat om van die onderwerp af te dwaal of om by een punt vas te haak nie. Moet egter nie 'n tydslaaf wees wat heeltyd die horlosie dophou nie. Wees oop vir die beweging van die Heilige Gees en onthou dat die bedieningstyd kosbare tyd is waarby uitgekom moet word.
2. Wees kreatief in die aanbieding! Daar is niks so vervelig as alles week na week presies dieselfde is nie!
3. As daar meer as sewe mense in die groep is, verdeel in groepe van vier waar dit voorgestel word. Groter groepe kan openlikheid inhibeer.
4. Probeer soveel as moontlik groeplede te betrek by verskillende rolle, ook by die aanbied van die byeenkoms, maar moenie skuldgevoel of groepsdruk gebruik nie. Laat die mense vrywillig na vore kom, en besluit as 'n groep wat julle vorentoe gaan doen as niemand na vore kom nie.

Tydsindeling

Saameet (30 min) – 'n Eenvoudige maal is belangrik bv in die somer slaai en brood, of pastagereg; in die winter sop en brood. Moenie dat daar uitgehang word nie en laat verskillende groeplede 'n bydrae lewer tot bring van kos.

Welkom (10 min), *Worship* (10 min), *Woord* (20 min), *Bedientyd* (25 min) *Wêreld* (20 min)

Onthou: dis slegs riglyne en daar moet toegelaat word vir spontaniteit. Dit kan selfs inhou dat daar op 'n spesifieke aand nie verder as die worship gekom word nie!!

1. Free Love

Die skrywer Philip Yancey se definisie van genade vat ‘n klomp dinge saam. Hy sê dat niks wat ons ooit gedoen het, tans doen, of in die toekoms gaan doen, kan maak dat God minder of meer van ons hou nie. Hy het ons in elk geval lief. God het ons lief om Christus ontwil. Hy doen dit eerstens en laastens ten spyte van ons, nie as gevolg van wie ons is nie! God se onuitspreeklike liefde vir ons is nooit prestasiegedrewe nie, maar verhoudingsgedrewe. Hoor weer, Hy kyk nie wie van ons die meeste vir Hom doen en dan het Hy ons die meeste lief nie, nog minder hou Hy meer van ons as ons die slag gehoorsaam aan Hom is, en minder van ons as ons die dag struikel.

God is ons Vader. Daarom gebeur sy liefde vir ons sonder daardie prestasie klousules wat orals in die sakewêreld floreer. Genade is niks anders nie as God se verniet omgee vir ons. Genade is 'n Goddelike werkwoord. Dit vertel Jesus is op ons hakke met 'n handvol goedheid. Daarom is genade eintlik 'n rus-woord vir jou en my. Nou toe, hou op met hardloop. Gaan rus in sy arms.

In dieselfde asem wil ek sê dat iemand soos Dietrich Bonhoeffer duidelik onderskeid maak tussen wat hy noem: "cheap" and "costly" grace. Hy beskryf dit as volg:

"Cheap grace is the preaching of forgiveness without requiring repentance, baptism without church discipline. Communion without confession. Cheap grace is grace without discipleship, grace without the cross, grace without Jesus Christ."
In contrast to this is costly grace:
"Costly grace confronts us as a gracious call to follow Jesus, it comes as a word of forgiveness to the broken spirit and the contrite heart. It is costly because it compels a man to submit to the yoke of Christ and follow him; it is grace because Jesus says: ‘My yoke is easy and my burden is light.’ "

Ons sing graag ‘n lied wat dit uitstekend opsom:

Genade verniet Oor my uitgegiet. Ek skuld U al my dae oor en oor My wysheid my wins Help my net mooi niks Ek smag na U en U alleen My hart, Jesus, sing	Deur die koudste nag Deur die langste dag Elke oomblik sal ek onthou Van u trou, o Heer In my tyd van seer Was u liefde om my gevou	U liefde in my lewe Gaan my verstand te bowe Geen ander belofte As dit wat U belowe *Luister na lied:* http://www.flam.co.za/Soek.asp?return=True&qs=F139

WELKOM

Laat mense in die groep vinnig met mekaar deel wat die beste geskenk of verrassing is wat hulle ooit gekry het, of sommer net enigiets great wat iewers onverwags met hulle gebeur het.

WORSHIP

“God is worthy of our praise all day, every day, no matter what kind of day it is”

Spandeer geruime tyd in stilte voor God. Luister na sy stem en aanbid Hom. Gebruik nou Psalm 136 interaktief deur een persoon wat die beskrywende vers lees en die groep wat elke keer reageer met die herhalende vers. Lees uit die hart uit.

WOORD

3 Ons almal het vroeër so gelewe. Ons gedrag is bepaal deur ons sondige begeertes. Elke sondige wens wat in ons gedagtes opgekom het, het ons sommer net gedoen. Soos die ander mense was ons vanselfsprekend vir God se vreeslike straf bestem. 4 Maar God se onverdiende liefde [= genade en liefde] is oorvloedig. Die liefde waarmee Hy ons liefhet, is so groot 5 dat toe ons verkeerde lewe ons geestelike dood veroorsaak het, Hy ons saam met Christus lewend gemaak het. Dis dus God se onverdiende goedheid [= genade] wat maak dat julle gered is! 6 Omdat ons aan Christus Jesus verbind is, het God ons saam met Hom opgewek en saam met Hom 'n sitplek in die hemel gegee. 7 So sal God, ook in die tye wat kom, bewys dat Hy heeltemal oorloop van onverdiende goedheid. Die goedheid [=genade] wat God ons deur Christus Jesus gegee het, sal as bewys dien. 8 Dit is mos dié onverdiende goedheid [= genade] wat julle gered het toe julle tot geloof gekom het. En julle geloof kom nie uit julleself nie, maar is 'n gawe van God. 9 Dit is nie die gevolg van julle dade nie. Niemand kan daaroor grootpraat nie, 10 want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons verhouding met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe.

Efesiers 2:3-10 NLV

1. Is dit moontlik om gered te word deur ons eie goeie werke?

Nee, dit is die onverdiende goedheid van God die Vader wat ons red en jou geloof in Jesus Christus. Ons geloof kom nie uit onsself nie, maar is 'n gawe van God. Dit is nie iets wat onsself reggekry het of kon doen nie - God het dit vir ons verniet gegee. Dit is nie iets waaroor enigeen van ons kan loop en spog nie, want dit is nie asof ons self daarvoor gewerk het of dit verdien het nie.

2. Is dit moontlik om gered te word deur die wet te onderhou? Wat doen die wet?

God sal ons nie vryspreek as ons sy wet probeer gehoorsaam nie. Al wat die wet kan doen, is om vir ons te wys wat sonde is, maar dit help ons glad nie om op te hou sondig nie.

BEDIEN MEKAAR

3. Laat groeplede deel van God se goedheid (genade) wat hulle al in hul lewe beleef het.

4. Wat is die verskil tussen "cheap grace" en "costly grace"?

Vergelyk hierbo die aanhaling van Dietrich Bonnhoefer

WÊRELD

5. Jesus het 'n storie vertel oor hoe ons genadig teenoor mekaar moet lewe in Matteus 18:21vv. Hoekom is dit vir ons maklik om God se genade te ontvang maar so moeilik om genadig teenoor mekaar te wees?

6. Hoe kan ons as 'n kleingroep God se genade uitleef teenoor mekaar? Hoe kan ons God se genade uitleef teenoor mense rondom ons? Hoe gaan ons dit hierdie week prakties doen?

NB! Gee die nodige inligting oor Love Day (Sat 22 Mei) aan die groep deur. Verduidelik die doel daarvan indien die groep onseker is of nie vorige sulke geleenthede bygewoon het nie.

2. LIEFDE WAT WERK…

Ons kerklike rituele, programme en aksies kan baie keer gerig wees op die "lewe na binne" – met ander woorde wat dit vir MY beteken en wat kan EK daaruit put. Dit is meermale gemik op die geestelikheid van godsdienstige mense. Mooi vroom, netjies afgerond, binne die boks, veilig, gerieflik, gerusstellend ens, ens….en tog uiteindelik vreeslik *werklikheidsvreemd*. Iets van so "heavenly minded" dat dit van geen "earthly good" is nie.

Maar Jesus was anders…radikaal anders toe Hy op aarde geleef het. Ons vind Hom in die Bybelse stories tussen die tollenaars, sondaars, stukkendes en gevallenes – op die markplein! Sy gunsteling uithangplekke was daar tussen hulle. Geen wonder dan ook seker dat die skindernuus oor Hom meestal van die kerklike vromes kom nie.

Jesus het die vermoë gehad om mense in die werkplek waar hulle hulle elke dag vir ure lank bevind soos 'n magneet aan te trek, met hulle te identifiseer en die LEWE te deel. Hoekom sukkel gelowiges vandag so om dieselfde te doen? Baie nie-gelowiges ervaar Christene as arrogant en selfbehep. Hulle reken dat die meeste Christene krities en veroordelend teenoor hulle ingestel is.

Ed Silvoso gee in "Anointed for Business" die volgende riglyne hoe ons in die markplek behoort op te tree:

1. Join the system

Indien jy 'n werk het, is jy reeds iewers in die markplek. Dit maak nie saak hoe "sleg" jou werk vir jou is nie, want God het vir jou 'n doel in die markplek. Maak daarom vrede met jou werk deur te aanvaar dat dit God se beginpunt vir jou is. Spreek vrede oor jou werk en raak positief daaroor. Dank God daarvoor sodat jy 'n "aangename geur" daar kan versprei. Onthou dat ons in 'n onvolmaakte samelewing lewe en dat jy maklik kritiek teenoor jou werk en werkplek sal kan kry. So 'n negatiewe gees verskaf slegs vir Satan plek om te werk.

2. Embrace the system

Dit kan wees dat God jou later na 'n ander werk lei. Maar tot daardie tyd kom moet jy alles gee in jou huidige werk. Dis nie genoeg om jou werk te seën en vrede daaroor te spreek nie, jy moet ook jou werk omarm. "Fellowship" met jou werk en die mense daar. Bid vir die werksmense en wees daar vir hulle.

3. Improve the system

Wanneer jy vrede maak met jou werk, neutraliseer jy die bose elemente wat stryd tussen jou en jou werk bring. Wanneer jy dit omarm, maak jy dit deel van jou lewe, wat maak dat jy God se blessings daar kan bedien en die sisteme kan verbeter.

4. Bring the Kingdom to your job

Verklaar dat die koninkryk van God na jou werkplek gekom het, laat die krag van die koninkryk daar funksioneer. Bou die koninkryk van God daar by jou werkplek.

WELKOM

Konstruksievaardighede: (Benodig: Marshmellows en tandestokkies - een pak marshmellows en 100 tandestokkies per elke 3 of 4 mens in die groep) Deel op in spanne van 3 of 4 en laat elke span 'n konstruksie maak van marshmellows en tandestokkies met slegs 1 marshmellow as basis (dws slegs 1 marshmellow mag aan die grond raak). Enige konstruksie kan gebruik word. Die span met die meeste marshmellows in hul konstruksie wen. Indien spanne al die marshmellows opgebruik, is die wenspan die een met die mooiste konstruksie.

WORSHIP

"Praise acknowledges the reality of who God already is"

Sing hierdie week saam met die cd soos opgeneem deur Vredelust P&W team. (Beskikbaar by die Vredelust Boekwinkel)

Onthou: Hoe harder die musiek gespeel word, hoe meer selfvertroue het mense om saam te sing!!!!!

WOORD

Lees Luk 24:46-49

46 "Sien julle nou dat die Bybel sê dat die Messias moes kom ly en dat Hy op die derde dag weer uit die dood sou opstaan? 47 Wel, van nou af gaan julle hierdie goeie nuus wêreldwyd oorvertel; van hier in Jerusalem af tot aan die uithoeke van die wêreld. Julle moet vir ander mense sê om hulle sondes te laat staan en dat hulle hulle tot God moet bekeer. Sê vir hulle dat al hulle sondes vergewe word as hulle in My glo. 48 Julle het alles wat met My gebeur het self aanskou. Gaan vertel dit aan ander mense! 49 "My Vader het ook nog 'n baie Groot Geskenk vir julle. Ek gaan hierdie Geskenk binnekort na julle toe stuur. Wag nog net so 'n klein rukkie hier in Jerusalem. Een van die dae gaan julle met baie groot krag direk uit die hemel toegerus word." Die Boodskap

1. Aan wie het God hierdie groot opdrag gegee? Om die waarheid te sê sy inhuldigingstoespraak asook sy afskeidstoespraak op aarde verwys hierna. Dit handel oor die groter maak van God se koninkryk. Het jou werk/werkplek/werksmense iets hiermee te doen?

Werk in hierdie bespreking moet omvattend verstaan word sodat niemand uitgesluit word nie, bv huisvrou, student ens is hierby ingesluit

2. In 2 Korintiërs 2: 15 lees ons dat ons die wierook is wat deur Christus vir God gebrand word waarvan die geur ALLE mense bereik. Steek 'n stafie of twee wierook aan die brand en laat die geur deur die vertrek sy eie rigting inslaan. Julle sal sien dat die geur nie net na spesifieke "uitgesoektes" trek nie, maar na ALMAL. Ruil gedagtes uit hoe ons die geur van wierook kan/moet wees vir ALLE mense, veral by ons werkplekke.

BEDIEN MEKAAR

3. Hoe ervaar jy jou werkplek op die oomblik? Is daar ander gelowiges? Is dit vir jou lekker om daar te werk?

Vergelyk die aanhaling van Ed Silvoso hierbo om julle te lei in julle bespreking oor werk en werksplekke en hoe mens daaroor moet voel en dit moet benader.

4. Hoe moet 'n mens maak indien jy nie hou van jou werksomgewing of jou spesifieke werk nie? Hoe gemaak wanneer jou baas 'n nie-gelowige of selfs iemand van 'n ander geloofsoortuiging, bv 'n Moslem, is?

Bid nou ook in die groep vir individuele mense wat hulle werksplek moeilik vind, elke dag met spesifieke moeilike mense moet saamwerk, of wat 'n "attitude-adjustment" nodig het oor hoe hulle hul eie werksplek sien.

WÊRELD

5. Hoe kan jy die koninkryk van God by jou werksplek laat kom? Hoe kan jy daar vir ander 'n seën wees? Ruil praktiese wenke uit oor dinge wat werk en goed ontvang word.

6. Vredelust Gemeente streef daarna om lewens en gemeenskappe te verander. Sou dit enige verskil maak as die gemeente môre ophou bestaan? Met ander woorde sou die mense in ons omgewing en stad sê dis jammer dat ons nie meer daar is nie? Hoe raak hierdie visie jou persoonlik ?

NB! Begin om reëlings te tref vir die groep se betrokkenheid by Love Day (Sat 22 Mei). Maak seker dat almal bewus is van die tyd en die groep se verantwoordelikhede op die dag.

If you ever travel the world and meet love
Make her your best friend, introduce her to everyone
If you ever cross paths with kindness
Allow him to be your mentor, open your mind to him
If humility ever knocks at the door of your heart, allow it to stay
If you are ever colonised by faith, don't bother escaping

If you ever seek to be understood, care first
If you ever wish to correct the wrongs of your fellow man, correct your wrongs first
If you ever have to comment about your neighbours
Let your comments be based on facts and not fiction
Let your data be so representative that no traces of error be found even by microscope

If there is a dream inside your heart, share it with your mind
Put action to it and refuse, not to realise it
And if your dream aims to make a difference to the universe
Then put every muscle of passion you have, to the dream
If sleep threatens to slow your dream, then sleep no more

Let your life be a reflection of love,
a picture of peace, a symbol of hope

~ Lesego Setou

3. Liefde Omhels

Dis maklik om lief te wees vir mense wat dink soos jy, lyk soos jy, voel soos jy, optree soos jy en waarde heg aan die dinge wat vir jou belangrik is. Maar wat van hulle wat glad nie soos jy is nie?

Diversiteit is nie altyd 'n baie gewilde term nie, omdat dit dikwels polities gelaai is. Maar diversiteit het nie in die politiek ontstaan nie – God het dit so bestem omdat Hy mense verskillend maak. Net soos in die ekosisteem bring dit die wonder van God se skepping na vore deurdat elke kultuur en elke segment van die samelewing besonderse talente en eienkappe het wat bydra tot die stabiliteit en sukses van die samelewing as 'n geheel. Daarom lê Jesus sterk klem op die eenheid van alle gelowiges, ongeag hulle ras, taal of kultuuragtergrond.

Ongelukkig is hierdie verskille dikwels die oorsprong van vrees, verdagmaking en geweld. Deur te leer om die ooreenkomste tussen mense wat op die oog af totaal verkillend lyk, raak te sien groei verdraagsaamheid en liefde. Deur nie in die verskille vas te kyk as swakpunte nie, maar juis die verskille te omhels en te "celebrate", groei respek en samewerking.

> People can be categorized in many ways, such as by gender, race, religion, ethnicity, language, income, age, or sexual orientation. Respect for each others' cultural values and belief systems is an intrinsic part of cultural diversity. Lack of respect is often based on ignorance or misinformation. If you do not understand another's values, lifestyle, or beliefs, it is much easier to belittle them. And so the seeds of prejudice and intolerance are sown.
>
> Stereotypes are generalized assumptions concerning the traits or characteristics of all members of a particular group. They are frequently (although not always) negative and generally incorrect. Ironically, negative stereotypes discourage closer contact, preventing the perpetrator from discovering what the individual victims of these stereotypes are really like. Stereotypes often form the basis of prejudice, a premature judgment about a group or a member of that group made without sufficient knowledge or thought. We can also develop prejudices towards a whole group based on a single emotional experience with one person.

If you judge people, you have no time to love them.

Mother Teresa

WELKOM

Die ondwerwerp handel oor mense met verskillende style of agtergronde. Deel die groep in 3 spanne op en laat hulle "Rooikappie en die wolf" opvoer in een van die volgende style: Island style, Eskimo, Gangster, Japanees, Britse Adelstand, Computer Wizz-kid. Gee slegs 2 minute vir voorbereiding, sorg dat elke groep 'n ander styl het. Hou dit kort.

WORSHIP

"Sacrificial service to others is fundamental to a life of worship"

Berei 'n tyd van meditasie voor (bv. almal maak hul oë toe en verbeel hulle hulle is 'n karakter in die Bybel. Praat groeplede deur 'n gegewe verhaal en ook hoe hulle mag voel. Laat tye van stilte tussenin. Gebruik bv. 'n gedeelte soos Openbaring 4:1 – 11.)

Vir volgende week: Vra twee groeplede om hul gunsteling worshipliedere volgende week saam te bring

WOORD

Lees Johannes 17:18-21

Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur. En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees. Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo— dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

1. Na wie het Jesus almal verwys toe Hy gesê het: "dat almal een mag wees"? Hoe ernstig was Hy hieroor? Ervaar jy dit tans so?

Hier word verwys na gelowiges van alle kulture, rasse, tale, inkomstegroepe, ens. Almal wat deel is van Christus is ook deel van mekaar.

2. As dit die hartsbegeerte van Jesus was, hoekom is daar nog sulke groot afstande tussen gelowiges van verskillende kulture?

Stereotipes is dikwels 'n groot oorsaak van verdeeldhede. Sien aanhaling hierbo vir meer detail.

BEDIEN MEKAAR

3. Hoe gemaklik is jy tussen mense wat radikaal van jou verskil? Redes? Is daar 'n spesifieke groep mense wat jy moeilik vind om te omhels (lief te hê) of wat jy "pre-judge"?

4. Romeine 5:5 sê dat die liefde van God (ook vir hulle wat ons moeilik vind om lief te hê) in ons harte uitgestort word deur die Heilige Gees. As God dit kan en wil doen, hoe gereed is jy dat Hy jou hart verander? Is daar dalk iets wat jou terughou? Onthou as jou hart verander, dan verander jou optrede daarmee saam en die Here gaan van jou dinge vra wat jy dalk voorheen nie eers sou oorweeg nie.

Bid nou twee-twee saam, bely verkeerde gesindhede en optrede teenoor ander mense indien nodig en vra vir 'n inspuiting van God se bonatuurlike liefde in jou hart.

WÊRELD

5. Met wie het jy daagliks of dikwels te doen wat 'n ander kultuur, geloofsoortuiging of agtergrond as jy het? Hoeveel sulke mense is daar in jou lewe – maak gou 'n lysie.

6. Hoe baie weet jy van hierdie mense se lewenswyse? Is daar 'n manier waarop jy meer opregte belangstelling kan toon en meer begrip kan ontwikkel vir hulle manier van lewe en optrede?

NB! Tref finale reëlings vir die groep se betrokkenheid by Love Day (Sat 22 Mei). Maak seker dat almal weet hoe laat om waar te wees en wat om saam te neem. Bid saam vir die dag, dis 'n wonderlike geleentheid om liefde te betoon en Godgegewe oomblikke te benut!

4. Liefde wat Regmaak

Sosiale geregtigheid is ‘n term wat baie mense, selfs sommige Christene, afsit. Net die noem van hierdie woord ‘n klompie jare gelede het allerhande etikettering na vore geroep bv “kommunisme”, “liberalisme” ensovoorts. En tog is dit ‘n begrip wat sentraal in die Bybelse Boodskap ingebed lê. Dis ‘n koninkryksbeginsel wat deur gelowiges nagejaag moet word.

Dis beslis ‘n begrip wat ‘n mens ongemaklik laat omdat dit vat aan jouself en jou lewenstyl. Mark Labberton het ‘n boek geskryf wat hy noem “The Dangerous Act of Worship – Living God’s Call to Justice”. Die profeet Miga het al hierdie hele saak op die tafel gesit:

6 As ’n mens kom om die Here te aanbid, wat moet jy saambring? Moet ons God aanbid deur jaaroud kalwers te offer? 7 Sal dit vir die Here aanvaarbaar wees as ons duisende ramme offer of tienduisende strome olyfolie aanbied? Sal dit Hom bly maak as ons ons oudste kinders offer om te vergoed vir ons sonde? 8 Nee, Hy het reeds gesê wat reg is. Die Here verwag van julle om reg te laat geskied, om liefde en trou te bewys, en om nederig voor God te lewe.

Miga 6:6-8 Nuwe Lewende Vertaling

> *A passion for worship goes with an indifference to justice like a fish goes with a bicycle.* Gloria Steinem

Ons leef in ‘n land waar dit redelik wyd aanvaar word dat die gaping tussen ryk en arm die grootste in die hele wêreld is. Hoe raak dit ons? Aanbidding van God is nie net om God te dien op ‘n abstrakte wyse nie of om ‘n diens gereeld by te woon nie. Dit is eerder ‘n lewensveranderende erkenning dat Iemand opgedaag het wat die reëls van hoe ons samelewing funksioneer kom verander het.

> “Worship is to be the new way of seeing and feeling that redraws boundaries, rewires connections and redistricts how we govern ourselves. It subverts the way we decide who counts and who doesn’t.” Labberton

WELKOM

Herstel resies - dis partykeer nogal moeilik om iets reg te maak wat verkeerd gegaan het. Benodigdhede: ‘n Paar velle koerantpapier van dieselfde grootte en kleefmiddel soos selotape of deurskynende “packing tape”(een per span). Skeur ‘n vel koerantpapier in ‘n klomp klein stukkies op en plaas in ‘n plastieksakkie. Doen nou dieselfde met die ander velle en maak seker dat elke vel dieselfde hoeveelheid stukke het as die eerste een. Tydens die byeenkoms - deel die groep in klein spanne op en gee aan elke groep ‘n sakkie koerant-stukke en ‘n rolletjie selotape. Laat hulle die koerant weer aanmekaar sit, met ‘n beloning vir die wenspan. Besluit vooraf op ‘n afsnytyd, anders kan dit dalk lank neem. Vir ekstra opwinding, laat groeplede elke keer as hulle ‘n volledige berig aanmekaargesit het die opskrif van die berig hardop uitroep.

WORSHIP

"Praise is seeking God. Worship is being found by Him"

Gebruik twee gunsteling worshipliedere wat groeplede gebring het. Laat die twee persone die liedere voorlees. Laat geruime tyd tussenin vir stilte en oordenking. Sing nou die liedere saam.

WOORD

Lees Lukas 19:1-9

1 Later het Jesus deur Jerigo gestap. 2 Een van die mense wat daar gebly het se naam was Saggeus. Hy was die hoof van die berugte tollenaars wat belasting ingevorder het, en 'n skatryk man. 3 Toe Saggeus hoor dat Jesus deur die dorp stap, het hy probeer om Hom tussen die mense deur te siene te kry. Maar hy kon nie, want hy was te kort. 4 Toe maak hy 'n plan: hy het gou vooruit gehardloop en in 'n wildevyeboom gaan klim wat langs die pad gestaan het waar Jesus sou verbyloop. 5 Toe Jesus by die wildevyeboom kom, het Hy skielik gaan staan, opgekyk en gesê: "Saggeus, klim dadelik af. Maak gou! Want Ek moet vandag by jou kom oorbly!" Saggeus kon sy ore nie glo nie. 6 Hy het omtrent uit die boom geval, so vinnig het hy afgeklim. Hy was baie opgewonde dat Jesus besluit het om juis by hom te kom bly. By die huis aangekom, het hy behoorlik die rooi tapyt vir Jesus uitgerol. 7 Natuurlik was die mense van die dorp glad nie bly oor Jesus se keuse nie. "Wat vang Hy aan? Hoekom gaan bly Hy by die grootste skelm in die dorp? Daardie Saggeus is 'n opperste sondaar wat Hom glad nie aan ons wet steur nie," het hulle onder mekaar gebrom. 8 Maar Saggeus se lewe het daardie dag heeltemal verander. Hy het voor die Here gaan staan en vir Hom gesê: "Kyk, van nou af gaan ek anders lewe. Van nou af behoort my besigheid aan God. Daarom gee ek nou die helfte van alles wat ek besit vir die armes. In die verlede het ek baie mense verkul met geld. Ek het meer van hulle gevat as wat ek moes. Maar ek sal dit regstel. Waar ek mense verneuk het, gaan ek daardie geld vierdubbel aan hulle terugbetaal!" 9 Jesus was baie beïndruk met wat Saggeus gesê het. "Vandag het God jou lewe splinternuut gemaak omdat jy My in jou huis toegelaat het. Jy tel nou ook onder die kinders van Abraham. Almal wat in My glo, is sy nageslag. Jy ook!

1. Ons sien hoe Saggeus se lewe verander nadat Hy in 'n ontmoeting met Jesus gaan. Wat sê vers 8 vir ons hieroor en wat wil dit vir ons vandag sê?

Anders as die Ryk Jong Man, besef Saggeus dat om Jesus te volg alles van hom vra, dat niks belangrikers as Jesus mag wees nie, ook nie sy rykdom en materiële besit nie. Daarmee saam onderneem hy ook om reg te maak wat hy verkeerd gedoen het.
"The Old Testament law for restitution required returning the amount plus one-fifth (see Leviticus 5:16; Numbers 5:7). Zacchaeus went far beyond the law's requirements in righting the wrongs he had done. His attitude was correct, and his actions showed his inner desire to obey. Zacchaeus was setting his priorities right, and he would be ready for the kingdom." Life Application Bible Commentary

2. Hoekom is dit so moeilik om te sê "Jammer". Wat doen dit aan 'n mens? Moes jy al vir iemand om verskoning vra en "Jammer" sê? Hoe het dit gevoel?

BEDIEN MEKAAR

3. Het ons ook ‘n verantwoordelikheid om reg te maak wanneer ons verkeerd gedoen het, of is dit genoeg om te sê “Jammer!”

Wanneer ons enigsens kan, behoort ons te help regmaak waar ons verbrou het. Sonder restitusie is vergifnis en bekering maar ‘n flou saak.

4. Noem ‘n voorbeeld van hoe jy al moes regmaak en herstel waar jy eers verkeerd gedoen het en toe tot ander insigte gekom het. Watter lesse het die Here jou hieruit geleer?

WÊRELD

5. Geld die situasie van “regmaak” of “restitusie” ook in die breër opset in ons land? Met ander woorde, as dinge in die verlede nie reg was nie, het ons ‘n verantwoordelikheid om te help regmaak?

Dis vir baie mense ‘n sensitiewe en moeilike saak, en tog kan ons as gelowiges nie hiervan wegkruip nie. Hoe dit altyd moet gebeur is nie so maklik om te verstaan nie. Op een of ander manier moet daar restitusie wees as ek iets onwettig van jou weggeneem het, dan is “Jammer” nie alleen genoeg nie. Dis soos iemand wat ‘n fiets steel, en dan besef daar is verkeerd opgetree. Dis nie genoeg om te gaan bely en omverskoning vra alleen nie – wat nou van die fiets? Hoe die persoon nou die fiets en het ‘n verskoning of “Jammer” alles weer reggemaak?

6. Hoe kan ons op ‘n sinvolle wyse deel vorm van hierdie proses?

5. Grense

Die skrywers Cloud en Townsend gebruik die metafoor van ‘n huis met ‘n heining om, waarmee hul verhoudings of vriendskappe beskryf. Die heining baken die erf af waarop die huis gebou is. Alles wat op die erf gebeur, is die eienaar se verantwoordelikheid – al is daar skade aangerig deur iemand anders. Dit verander niks aan die feit dat die huis en erf die eienaar van die huis s’n is nie. Die heining is die grens wat dus verantwoordelikheid afbaken. So is dit met ons almal. Enige negatiewe emosie, gedagte, keuses wat ons het, bly ons verantwoordelikheid – ons kan nie ander blameer en die verantwoordelikheid aanskuif nie. Daarom moet ons sover moontlik ons grense so stel sodat ander nie skade op ons ‘erf’ aanbring nie. Kommunikasie word dus die heining waardeer ons sekere dinge toelaat op ons ‘erf’ – wat laat ons toe om ons te affekteer en wat nie?

In hulle boek “Boundaries” gaan dit veral om die volgende vrae:

- Kan ek beperkinge stel en nog altyd ‘n liefdevolle persoon wees?
- Hoe antwoord ek iemand wat aanspraak maak op my tyd, liefde energie of geld?
- Hoekom voel ek skuldig wanneer ek dit oorweeg om grense te trek?

Grense is persoonlike eiendomslyne wat definiëer wie jy is en wie jy nie is nie en wat al die areas van jou lewe affekteer.

Fisiese grense help jou bepaal wie jou mag aanraak en onder watter omstandighede

Intellektuele grense gee jou die vryheid om jou eie gedagtes en opinies te vorm

Emosionele grense help jou om te deel met jou eie emosies en om los te kom van die skadelike, manipulerende emosies van ander.

Geestelike grense help jou om God se wil te onderskeid van jou eie wil en gee jou opnuut eerbied vir jou Skepper.

Gesonde grense verskaf aan jou die vryheid om as ‘n liefdevolle, vrygewige vervulde indiwidu te wandel soos wat God jou bedoel het om te wees.

WELKOM

Storie-“snap” - (Benodigdhede: een teelepel, lepel of vurk per groeplid). Laat groeplede in ‘n kring sit met die teelepels in die middel. Sorg dat daar die hele tyd een teelepel minder is as die aantal groeplede. Besluit op ‘n naam van ‘n persoon (enige voornaam soos bv Johan) Die fassiliteerder maak nou ‘n storie op oor ‘n vakansie by die see of op die plaas. Gebruik baie karakters met verskillende name in die storie, veral name wat soos die gekose een klink. Elke keer as die gekose naam (bv Johan) in die storie genoem word, moet elkeen ‘n lepel gryp en die persoon sonder ‘n lepel val uit. Verminder die lepels met een en gaan voort met die storie totdat slegs een persoon oorbly.

WORSHIP

"True worship is a transformed life"

Gebruik 'n voorwerp om op een eienskap van God te fokus. Voorbeelde is bv. 'n hopie klei langs 'n vaas en lees dan Jeremia 18:4 of Jesaja 64:8. Of gebruik 'n bos blomme en lees 'n gedeelte oor God as Skepper.

WOORD

Lees Efesiërs 5:21, 6:1,5

21 Omdat julle respek het vir wat Christus vir julle gedoen het, moet julle aan mekaar onderdanig wees.

1 Kinders, omdat julle in die Here glo, moet julle aan julle ouers gehoorsaam wees. Dit is mos die regte ding om te doen!

5 Julle, slawe, wees gehoorsaam aan julle aardse eienaars. Respekteer en eerbiedig hulle sonder om skynheilig te wees. Gehoorsaam hulle soos julle Christus sou gehoorsaam.

1. Onderdanigheid het eerstens te doen daarmee om die ander persoon se belange bo jou eie te stel (en nie een of ander magsvertoon deur mans binne 'n huwelik nie). Hoe het Jesus onderdanigheid verstaan en uitgeleef teenoor ander mense?

2. Ware liefde sê ook NEE. Binne verhoudings (huwelik, uitgaan, vriende, ouer-kind) - wanneer moet jy nee sê en wanneer word gesonde grense oorskrei?

BEDIEN MEKAAR

3. Is daar areas in jou eie lewe waar iemand anders jou gesonde grense (fisies, emosioneel, intellektueel, geestelik) oorskry? Word jy dalk manipuleer of afgedreig? Waarvoor sukkel jy om nee te sê en dan is jy na die tyd spyt daaroor?

4. Is daar areas in jou eie lewe waar jy miskien die gesonde grense van ander in die verlede oorskry het, of tans oorskry? Manipuleer of verkleineer jy dalk die mense naby aan jou om jou sin te kry of beter te voel oor jouself? Hoe kan 'n mens sulke ongewensde optrede verander?

Skep hier 'n geleentheid waar mense drie-drie na mekaar toe kan draai en saambid oor van hierdie dinge in hulle eie lewe en ook die Here vertrou vir onderskeiding oor hoe om grense te stel in liefde binne verhoudings en vriendskappe.

Let wel: Dit kan dalk die oorsaak wees van diep pyn binne die lewens van sommige groeplede. Moenie te vinnig oor hierdie gedeelte beweeg nie. Gee die Heilige Gees geleentheid om mense regtig diep te bedien.

WÊRELD

5. Mishandeling van vroue en kinders (fisies, emosioneel, seksueel) binne en buite huwelike is ‘n reuse probleem in Suid-Afrika. Hoe kan/moet ons as gelowiges vrouens en kinders binne sulke omstandighede ondersteun?

6. ‘n Magsposisie van een kultuur teenoor ‘n ander kan lei tot ‘n afhanklikheids-verhouding waar een party afhanklik raak van die ander en nooit tot sy volle reg kom nie. Hoe kan ons die menswaardigheid van mense versterk, sodat hulle nie minderwaardig voel nie, maar vrymoedigheid het om hulle volle potensiaal na vore te laat kom?

Wenk: Menswaardigheid word nooit herstel wanneer afhankliheid ‘n verhouding of vriendskap aan die gang hou nie. Magteloosheid en onvermoë sal altyd deel bly van die afhanklike party. Om mense te sien herstel word volgens God se beeld, vereis dat ons sekere grense moet stel binne verhoudings – ons gaan moet nee se vir dit wat gevra word van ons, wat in die langtermyn magteloosheid sal versterk. Tyd en energie binne verhoudings moet tydelike ‘goodwill’ vervang.

Healthy Boundaries

Boundaries are to protect life, not to limit pleasures.

Setting healthy boundries
means sometimes saying, "No."

In the Torah, God says, “There are things
I want you to say yes to,
and other things I want you to say no to.”
When we have a balanced love and fear of God,
then our yes is really yes and our no is really no.

A strong person can say no
to his own inclination to do the wrong thing.
Only then can his yes be a real yes.

Be clear about what your “No” is.
You say no to things you don’t want,
to leave room for things you do want.

When you respect your own “NO!”
then others will, too.

May God strengthen and guide us to know
when to say yes and when to say no.

6. Celebrate Love!

Het jy al iemand ontmoet wat totaal verlief is op Jesus?

Wanneer jy regtig verlief is, doen jy baie moeite om by die een te wees op wie jy verlief is. Jy sal vir ure met ‘n motor ry om saam met die ander een te wees, selfs al is dit net ‘n kort rukkie. Jy gee nie om om laat op te bly om te kuier en praat nie. Om in die reën te stap, is romanties en nie iets wat jou vies maak nie. Jy is gewillig om ‘n klein fortuin op die een te spandeer oor wie jy mal is. Wanneer jy weg van die ander een is, is dit pynlik, selfs mislik. Hy of sy is al waaraan jy kan dink, jy gryp enige geleentheid aan om net die ander een te sien.

In sy boek “God is the Gospel” vra John Piper in essensie of ons verlief is op God:

> *The critical question for our generation – and for every generation – is this: If you could have heaven, with no sickness, and with all the friends you ever had on earth, and all the food you ever liked, and all the leisure activities you ever enjoyed, and all the natural beauties you ever saw, all the physical pleasures you ever tasted, and no human conflict or any natural disasters, could you be satisfied with heaven, if Christ was not there?*

Hoeveel mense sal hierdie woorde lees en sê: “Jy weet, ek is heeltemal OK met dit.”
Wanneer jy werklik op God verlief is, kan jy nooit tevrede wees in ‘n hemel sonder Christus nie.

13 My broers en susters, God het julle vrygemaak. Moet asseblief tog nie hierdie vryheid misbruik nie. Moenie dink julle het nou ’n vergunning om sonde te doen nie. Die belangrikste wat julle moet doen, is om mekaar lief te hê. Wees altyd die minste; dien mekaar. Wanneer julle regtig vir mekaar omgee, dan doen julle presies wat God van julle vra. 14 Die hele wet van God kan immers in een enkele sin opgesom word: “Jy moet ander mense net so liefhê soos jouself.” Galasiërs 5:13-14 DB

WELKOM

Laat almal in die groep deel wat hulle ervaring was tydens die veldtog – wat het uitgestaan as hoogtepunte. Het daar verandering plaasgevind in die manier waarop hulle na mense en situasies kyk?

WORSHIP

“True worshipers will be built together with other worshipers”

Lees ‘n dankpsalm almal hardop saam, bv Psalm 136. Almal kan hieraan deel hê deurdat daar ‘n voorleser is en die res wat die refrain herhaal. Laat nou geruime tyd vir dankgebede – onthou – almal mag net dankgebede bid en niks vra nie! Dis somtyds nogal ‘n uitdaging!!!!

Laat die aand in die teken van celebration / feesvierings van die liefde staan.

WOORD

Lees 1 Korintiërs 13 saam.

Wenk: dit kan herhaaldelik gedoen word, bv deur verskillende vertalings te gebruik en deur telkens te reflekteer oor wat dit is wat jou tref in die gelese gedeelte (‘n Paar vertalings van 1 Kor 13 word hier onder verskaf).

Wees so kreatief moontlik om die Woord sy maksimum impak te laat hê. Betrek soveel groeplede as moontlik.

BEDIEN MEKAAR + WêRELD

Ons is so goed daarin om intellektuele besprekings oor die liefde te hê en so min daarvan te beleef en te beoefen. Gebruik die kans vir rustige refleksie om die diepste moontlike impak te bewerkstellig!

Die doel van die aand moet wees dat almal opnuut verlief op die liefde moet wees!

Almal moet weet dat dit die grootste saak van almal en alles vir Vredelust is: DIE LIEFDE!

Die aand kan gerus saam afgesluit word met ‘n liefdesmaaltyd – vgl. die verloop van so ‘n geleentheid op die volgende bladsye.

1 Korintiërs 13 - Nuwe Lewende Vertaling

1 Al sou ek enige taal op aarde of selfs in die hemel kon praat, maar ek kom die liefde kort, het ek ’n galmende trom of ’n klinkende simbaal geword.
2 En al sou ek die gawe van profesie hê, en sou ek alle geheime kon ontrafel, en al die kennis ter wêreld hê, en al sou ek genoeg geloof hê om berge te verskuif, maar ek kom die liefde kort, sou ek ’n ronde nul wees.
3 En al sou ek al my besittings vir die armes gee en selfs my liggaam opoffer sodat ek my daarop kon beroem, maar ek kom die liefde kort, sou dit my niks help nie.
4 Die liefde is geduldig en vriendelik, die liefde is nie jaloers nie, die liefde blaas nie sy eie beuel nie, is nie vol van homself nie.
5 Dit tree nie onwaardig op nie, stel nie sy eie belange voorop nie, is nie kort van draad nie, hou nie boek van die kwaad wat jou aangedoen word nie.
6 Dit treur oor die onreg wat plaasvind, en juig as die waarheid seëvier.
7 Die liefde bly stil oor ander se foute, dit bly steeds vertrou, dit hou aan met hoop, dit verduur alles.
8 Die liefde sal nooit vergaan nie. Maar profesieë sal tot niet gaan, die spreek in tale sal ophou, en kennis sal verouder raak.
9 Ons ken maar net ten dele en ons profeteer maar net ten dele.
10 Wanneer die volmaakte egter gekom het, sal al die onvolmaakte uitgedien wees.
11 Toe ek nog klein was, het ek gepraat soos ’n kind, gedink soos ’n kind, geredeneer soos ’n kind. Maar noudat ek volwasse is, het ek die dinge van ’n kind ontgroei.
12 Nou sien ons dinge nog net vaagweg soos in ’n dowwe spieël, maar eendag sal alles vir ons

glashelder wees. Nou verstaan ek net ten dele, maar eendag sal ek ten volle verstaan, net soos God my nou ten volle verstaan.
13 Al wat altyd sal bly, is geloof, hoop en liefde – hierdie drie. Maar die grootste hiervan bly steeds die liefde!

1 Korintiërs 13 – Lewende Bybel

1 As ek sonder liefde is, en ek praat in tale—of dit nou ’n menslike taal of engele se taal is—sou dit net so min beteken as die geraas van ’n stuk yster waarteen ’n mens slaan.
2 Al sou ek die vermoë hê om ’n boodskap van God aan mense oor te bring of die gawe van kennis hê om die geheime dinge van God te weet, maar ek is liefdeloos, sou ek niks werd wees nie, selfs al het ek so ’n geloof gehad dat ek berge van een plek na ’n ander kon skuif.
3 As ek liefdeloos is, sou dit my nie help om alles wat ek besit vir ander mense te gee en selfs my lewe te gee om ter wille van die Here met vuur verbrand te word nie.
4 Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie.
5 ’n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie.
6 Oor verkeerde dinge kan hy nooit gelukkig wees nie. Dit is net die waarheid wat hom gelukkig maak.
7 As ’n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute. Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie.
8 Liefde gaan nooit tot niet nie. Maar die besondere bekwaamhede wat die Heilige Gees gee, bly nie vir altyd nie. Om ’n boodskap van God te kan oordra of in tale te praat of ’n besondere kennis te hê—dit gaan alles verby.
9 Want ons kan nie nou alles weet nie, en die boodskap van God wat ons oordra, is ook nie volledig nie.
10 Maar as God alles tot volmaaktheid bring, sal die besondere bekwaamhede ophou wat net vir ’n tyd was.
11 In ’n mens se lewe gebeur dit ook so. Toe ek nog ’n kind was, was my hele manier van praat en my gedagtes en opinie—alles was die van ’n kind. Maar nou is ek ’n grootmens en ek het ’n kind se dinge laat staan.
12 Net so kan ons nou nog die dinge van God nie heeltemal verstaan nie. Ons is soos iemand wat in ’n spieël iets sien wat hy nie kan uitmaak nie, maar eendag sal ons God werklik van naby sien. Wat ons op die oomblik weet, is maar ’n deeltjie, maar eendag sal ons alles weet, net soos God nou reeds alles van my af weet.
13 Daar is dus drie dinge wat nie verbygaan nie. Dit is die vertroue op God, die vooruitsig op die dinge wat God beloof het en die liefde. En van hulle is liefde die belangrikste.

1 Korintiërs 13 – Die Boodskap

1 Sê nou maar ek is so “geestelik” dat ek die tale kon praat wat die engele in die hemel praat en selfs nog ’n klomp ander, maar ek het nie ander mense lief nie, wat dan? Vir die Here klink daardie “geestelike gepraat” dan na niks anders as ’n geraas soos iemand wat teen ’n yster kap nie.
2 Sê nou ek kan uitstekend preek, is hoog geleerd in die dinge van die Here en verstaan dinge van God

wat ander mense nie eers weet nie, en boonop het ek nog die grootste geloof wat jy jou kan voorstel, maar ek het nie ander mense lief nie, dan is ek vir die Here ’n nul op ’n kontrak.
3 Al gee ek alles wat ek besit vir arm mense en word as martelaar vir die Here verbrand, maar ek het nie lief nie, help dit alles niks.
4 Om ander lief te hê beteken: om nooit iemand sleg te behandel wat jou irriteer nie; om altyd mense so te hanteer dat hulle graag by jou wil wees sonder om bang te wees dat jy hulle sleg sal behandel; om ander mense dit wat hulle het of kry te gun sonder om lelik daaroor te wees as hulle dinge het wat jy nie het nie; om nie heeltyd oor jouself te praat en te spog nie; om nie heeltyd te maak asof jy soveel beter as ander mense is nie; om nie ongeskik te wees nie, maar jou so te gedra dat ander nie ongemaklik saam met jou voel nie; om nie net heeltyd aan jouself en jou eie voordeel te dink nie; om nie sommer vir niks kwaad te word nie; om nie elke liewe dingetjie wat iemand verkeerd doen te onthou sodat jy hom of haar kan terugkry nie. Maar liefde het ook grense: liefde kan nooit kant kies vir dinge wat verkeerd is nie. Net so sal liefde altyd net bly wees oor dit wat regtig gebeur soos God dit bedoel het. Liefde beskerm waar mense beskerming nodig het; liefde glo altyd die beste van ander mense en verwag dit ook van hulle. Liefde ken ook g’n einde nie. Liefde is nie iets wat ’n mens kan opgebruik en dan sê dis klaar nie. Maar die spesiale geskenke wat die Gees aan mense gee soos om God se Woord oor te dra of in “spesiale tale” te praat of om dinge van die godsdiens te verstaan waarvan ander nie veel weet nie, dit sal nie vir altyd hou nie. Daar sal ’n tyd kom wanneer die Gees dit nie meer vir mense sal gee nie, omdat dit nie meer nodig sal wees nie.
9 Ons weet in elk geval nou nie alles nie en wat ons vir julle van God se wil vertel, is ook nie alles wat daar is om te weet nie.
10 Daar sal ’n tyd kom wanneer alles perfek sal wees soos God dit bedoel het. Dan sal die dinge wat God net vir ’n tydjie wou gebruik het nie meer nodig wees nie. Dit is eintlik maar so met ’n mens ook.
11 Toe ek klein was, het ek nie soos ’n grootmens gepraat nie, maar soos ’n kind. Ek het ook gehou van dinge waarvan kinders hou en graag daaroor gepraat. Ek kon ook nie verstaan waaroor die grootmense praat nie, want ek het deur die oë van ’n kind na dinge gekyk. Maar toe het ek grootgeword en dit het alles verander. Die dinge wat vir my as kind so belangrik was, is nou nie meer vir my belangrik nie. Ons is nou nog eintlik maar in ons geestelike kinderskoene. Ons kan nie alles van God verstaan nie.
12 Dit is asof ons in ’n blinkerige stuk staal na onsself kyk. Ons kan nie alles mooi uitmaak wat ons sien nie. Maar die tyd kom wanneer ons alles helder en duidelik sal sien asof dit reg voor ons staan. Nou maak ons maar stukstuk uit van God en alles wat Hy vir ons doen en beteken. Daar kom egter ’n tyd wanneer ek alles sal weet, net soos God nou alles van my af weet.
13 Tot daardie tyd kom, het ons drie belangrike dinge wat ons op koers moet hou: daar is die verhouding met God, die sekerheid dat Hy sy beloftes sal hou en liefde. En van hulle staan die liefde boaan die lys.

1 Corinthians 13 – The Message

1 If I speak with human eloquence and angelic ecstasy but don’t love, I’m nothing but the creaking of a rusty gate.
2 If I speak God’s Word with power, revealing all his mysteries and making everything plain as day, and if I have faith that says to a mountain, “Jump,” and it jumps, but I don’t love, I’m nothing.
3 If I give everything I own to the poor and even go to the stake to be burned as a martyr, but I don’t love, I’ve gotten nowhere. So, no matter what I say, what I believe, and what I do, I’m bankrupt

without love.
4 Love never gives up. Love cares more for others than for self. Love doesn't want what it doesn't have. Love doesn't strut, Doesn't have a swelled head,
5 Doesn't force itself on others, Isn't always "me first," Doesn't fly off the handle, Doesn't keep score of the sins of others,
6 Doesn't revel when others grovel, Takes pleasure in the flowering of truth,
7 Puts up with anything, Trusts God always, Always looks for the best, Never looks back, But keeps going to the end.
8 Love never dies. Inspired speech will be over some day; praying in tongues will end; understanding will reach its limit.
9 We know only a portion of the truth, and what we say about God is always incomplete.
10 But when the Complete arrives, our incompletes will be canceled.
11 When I was an infant at my mother's breast, I gurgled and cooed like any infant. When I grew up, I left those infant ways for good.
12 We don't yet see things clearly. We're squinting in a fog, peering through a mist. But it won't be long before the weather clears and the sun shines bright! We'll see it all then, see it all as clearly as God sees us, knowing him directly just as he knows us!
13 But for right now, until that completeness, we have three things to do to lead us toward that consummation: Trust steadily in God, hope unswervingly, love xtravagantly. And the best of the three is love.

Bylae - Geniet 'n liefdesmaaltyd

Wenke vir die aanbieder

Die "liefdesmaaltyd" druk die liefdevolle onderlinge verbondenheid van die deelnemers uit (Judas vers 12). Soos die pasga-ete was die liefdesmaaltyd oorspronklik 'n feesgeleentheid wat as 'n volle maaltyd gevier is. So 'n gesamentlike ete van die kleingroep hier aan die einde van die 40 dae is baie gepas.

'n Liefdesmaaltyd gaan uit en uit oor die Christelike liefde. Wanneer ons 'n liefdesmaaltyd hou, getuig dit van ons liefde vir die Here, maar ook van ons liefde vir mekaar. 'n Liefdesmaaltyd is nie 'n sakrament soos die nagmaal nie. Dit herinner ons eerder aan al die gewone maaltye wat Jesus saam met sy dissipels geniet het. In die tyd van die Nuwe Testament is die liefde onderling onder meer daarin uitgedruk deurdat die deelnemers verskillende soorte kos saamgebirng en dit dan saam geniet het. Die sosiale saam-wees van die groeplede skep die geleentheid dat die liefde ook op hierdie vlak beleef kan word. Al die kos wat oorgebly het, is aan behoeftiges uitgedeel.

So ’n liefdesmaaltyd gee ons geleentheid om in stilte oor die omvang van Jesus se liefde vir ons na te dink. In die tyd van die Nuwe Testament is daar veral aan die hand van die kruisingsverhaal en die nagmaal-tekste oor Jesus se werk vir ons nagedink.

Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.” Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.” Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom

(1 Korintiërs 11:23-26).

Rig ’n liefdesmaal so in

1. Eet as groep heerlik saam en geniet die verskillende disse wat saamgebring is.
2. Wanneer almal klaar is, kan jy begin deur te vertel van die Here se liefde, vergifnis, genade, barmhartigheid op jou lewensreis. Laat ander toe om ook so te maak.
3. Lees die gedeelte: “Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.”
4. Bid kortliks en sê dankie vir die Here se gebroke liggaam. Stuur die brood om. Dit kan ’n geleentheid wees vir stille nadenke, sing ’n bekende loflied of luister na lofprysingsmusiek.
5. Nadat almal gekry het, herinner hulle daaraan dat die brood ons aan Jesus se gebroke liggaam om hulle onthalwe herinner. Sê bloot: “Die Here het gesê: ‘Doen dit tot my gedagtenis.’ Kom ons doen dit saam.” Almal eet dan saam die brood.
6. Lees die gedeelte: “Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.”
7. Bid kortliks en sê dankie vir Jesus se bloed. Stuur dan die beker om, hetsy deur ’n klein skinkbord en dit indiwidueel te bedien of ’n beker waaruit elkeen kan drink.
8. Na almal bedien is, herinner hulle daaraan dat die wyn/druiwesap Christus se bloed voorstel wat tot vergifnis van hulle sonde gevloei het. Sê dan bloot: “Neem en drink dit tot sy gedagtenis. Kom ons drink nou saam.”
9. Sluit af deur ’n eenvoudige loflied te sing of daarna te luister of met geleentheid om in die stilte die Here in gebed te dank.

Praktiese wenke

1. Wees gevoelig vir tydsberekening in julle groep.
2. Breek stukkies kraakbeskuitjie of brood op ’n bord of skinkbordjie. Moenie groot porsies brood of wyn/sap gebruik nie.

Nagmaalgedeeltes: Matteus 26:26-29; Markus 14:22-25; Lukas 22:14-20; Korintiërs 10:16-21; 11:17-32.

Geneem uit: “40 Dae in Doelgerigte Liefde” deur Rick Warren